20 Februarie 2022

Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

Reeks: Blink! (6) Blink soos die son en die maan
1 Korintiërs 15:35-50

wat wil jy vandag **bereik?**

In die hemel sal ons anders lyk

ons **storie:** waar is ons nou?)

Wanneer het jy al die meeste sterre op 'n helder aand kon sien? Van watter lig hou jy die meeste: Sonlig of maanlig? Moet mens velskerm aansmeer vir die nag? Hoekom nie? Hoe verskil sonlig van maanlig?

Wie van julle het al sywurms gehad? Hoe verskil die wurmpies van die motte?

Ons gesels vandag oor ons nuwe liggame in die hemel. Ons gaan anders lyk, net soos wat sonlig en maanlig anders lyk.

GOD se **storie**

wat sê **die Bybel** (daar en dan)

Lees **1 Korintiërs 15:35-50** saam as 'n groep of familie. Kyk dan die **Oupa Abie video** wat gaan oor die teksgedeelte

Nous volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

1. Ons eie storie

Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.

2. God se storie

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daaroor. Vrae oor die teks word gevra.

3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

Julle het verlede week begin met sonneblomsade wat moes ontkiem. Kyk 'n bietjie hoe dit gevorder het.

Julle kan die plantjies nou in goeie grond gaan plant en kyk hoe die plantjies groei.

gesels dan oor die volgende saam

Hoe help Oupa Abie jou om oor die teks te dink? Hoeveel goed sien julle in die teks wat blink of skyn?

Die mense in Korinte wou nie almal glo dat Christene kan hemel toe gaan nie. Party het gesê "dood is dood". Hier verduidelik Paulus dat ons nuwe liggaam anders sal lyk. Net soos sonlig en maanlig verskil. Hoe help dit hulle?

Kyk of julle in twee sinne hierdie klomp verse saam kan opsom.

Hoekom spandeer Paulus die hele 1 Korintiërs 15 aan die opstanding? Dis nogal baie woorde vir een brief.

ons **nuwe** storie (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

Ons gaan anders lyk en voel in die hemel. Hoekom is dit vir ons goeie nuus?

Hoekom verstaan ons nog nie alles van ons nuwe liggaam wat ons gaan hê nie?

Hoekom is die opstanding en nuwe liggaam blink nuus?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Dank God omdat ons die ewige lewe as geskenk kry, omdat Jesus opgestaan het.

Bid dat die hoop op 'n nuwe lewe en liggaam mense nuwe moed sal gee om vir God te leef.